


FEBRUARIE 2013

Vlnr: Andre, Mariana, Johanna, Theo, Elize, Ina



# sTAALTJiEs – het jy geweet / het jy dit beleef / onthou jy

**RAMPIE (1)**

Die skool het op 'n stadium sulke asbes klaskamers gehad wat onderkant die gimnasium was en so tussen die rugbyveld en die hokkieveld.

Lappies en die uwe het een Saterdag dood verveeld die middag skool toe gery want ons het nie eintlik iets beters gehad om te doen nie. By die huis wou ons ook nie wees nie want dit het net beteken dat ons moet bossies uittrek of kar was of so iets doen .



Dit was in die winter want normaalweg is daar in die somer by die swembad uitgehang. Ons het windbukse gehad of pellets soos dit algemeen bekend gestaan het.

Soos goeie skuts nou maar is, het ons teiken geskiet en gesien dat die patroontjie 'n netjiese gaatjie in die ruit van die klaskamer gemaak het. Die Maandag is dit nog donker soos dit nou ma is in die winter teen 7h15 en in die registerklas hoor ons die gaatjie fluit te oulik as die wind waai. Dit was die dae voor Prestik en die onderwyser het 'n stuk Cellotape oor die gat geplak.

Die volgende Saterdag is daar weer per ongeluk so paar gaatjies in die ruite geskiet - nie net van die registerklaskamer nie maar so 'n paar ander ook veral die waarin die betrokke standerdgroep klas gehad het. Nodeloos om te sê dat daar met groot pret geluister is as die wind waai en die ruite fluit tot ontsteltenis van die bepaalde onderwyser. Die Cellotape is gereeld afgetrek.

**RAMPIE (2)**

In 1973 was ek koshuis toe.

Mnr ** Boel ** in die skoolhoof,



Dreyer het 'n hond gehad met dieselfde attitude as sy baas. Die hond het altyd so laaste studiesaal ingekom en dan jou proviand in jou tas kom uitsnuffel. Mnr Gous, later was meestal aan diens met middagstudie.

Ons het van dieselfde touch powder op die studiesaal se trappies gestrooi. Die brak het die betrokke dag weer heel verwaand die trap opgekom met die vooruitsig van die lekkernye waarop hy beslag gaan lê.
Ek meen die brak se baas was mos die baas van die plaas . Kop omhoog en met die houding van *hier – is - ek –die - baas - brak* kom die hond toe soos gewoonlik aangedraf. Hy spring teen die eerste trap, reg op die konkoksie wat vir hom uitgegooi en gestel was. Die knal was nou nie so hard soos by Linow se klas nie; eintlik was dit heel besadig. Maar die hond se agterlyf het so geswik van skok. Sy houding het met 100% in 'n breukdeel van 'n sekonde geval. Hy het

vinniger as blits met flappende ore en ingetrekte stert die die hasepad gekies - vermoedelik na die gedeelte waar mnr Dreyer gebly het.

Ek kan my nie herinner dat die hond weer ons kos kom gaps het in die studiesaal nie. Die meneer het ook vir ‘n hele ruk die studiesaal vermy en sy baas van die plaas brak attitude het ook heelwat verminder vir ‘n ruk. Ek is die 3de kwartaal uit die koshuis uit nadat my ouers van oorsee teruggekom het.

**RAMPIE (3)**

Daar was elke Maandag saalopening gehou in die jare van die totale aanslag.

Paraat moes die seuns en meisies dril en die kadetorkes moes oefen en speel. Ons was die beste in Suidwes vir baie jare - wel ek weet elke jaar vanaf st 6 tot matriek uit het ons die kadetorkes-kompetisie gewen.

Tydens saalopening het daar dan ook hierdie groot vlaghysingseremonie plaasgevind waar daar dan heel paraat op die note van Die Stem die vlag gehys moes word. Die trompetblasers het so eenkant by die onderwysers gestaan en na die kinders se rigting gespeel. Ek dink daar was nog so periode soos jeugweerbaarheid ook gewees. Dit was heel gerieflik om ‘n knoop in die tou te maak en dan kon die vlag nie tot bo gehys word nie. Die arme vlaghysers moes dan maar ruk en pluk om **dit reg** te kry of die vlag aftrek en dan weer van voor af begin. Daar was een nag so ‘n besoekie gebring aan die skool en daar is toe ‘n paar voorwerpe aan die vlagpaal opgehys soos ‘n goeie ou pie pot, ’n bra en nog so een of twee ander ongure voorwerpe. Die Maandag was daar duidelik ‘n groot ongelukkigheid met die vlaghysingseremonie want die ongure items moes eers verwyder word ten aanskoue van die hele skool. Die Stem was die dag baie moeilik om te speel want ons kon die onderwysers se op- en aanmerkings goed hoor en die kinders se gesigte sien.

**RIKUS (HENDRIKUS) BURGER (1)**

Ek het op ‘n stadium (st 9 of matriek - kan nou nie onthou watter jaar) altyd musiekles gehad net voor Engels - en keer op keer laat gekom vir Miss Meyer se klas (Miss "Marve", soos Ben en Dan en andere haar genoem het!). Dan moes ek altyd vir my straf eers voor in die klas staan en sê "If music be the food of life, play on - Shakespeare”!

**RIKUS (HENDRIKUS) BURGER (2 en 3)**




Arme **mev (Frau) Redelinghuys** trane met die sangklasse! Jy weet DAARIN (VERAL van die seuns) - en ander rede (seker in aanloop tot die (Ek kan ook nie mooi onthou of daar Redelinghuys dan nie op die klavier was ook menigmaal by moedeloos verby en na aan hoe ge-interesseerd was die leerders oor die algemeen ek onthou een spesifieke geval waar daar vir een of interhuis atletiek), ‘n Lowrey orrel in die sangklas was. ‘n klavier ook was nie, en as daar was, hoekom Frau gespeel het nie.)

Ieder geval, sy het die dag op die orrel vir ons 'begelei' met ons wonderskone klas - sang. Maar voor sy ingekom het, het ek die ouens attent gemaak op ‘n spesifieke 'tab' of 'registerknoppie' op die orrel wat lees "WOW”. As mens dit aansit dan maak die klank sulke 'golwe' wat so *wow-wow-wow* maak! Dit klink behoorlik of die orrel naar is. Nouja, nodeloos om te sê, as mev Redelinghuys nog so speel en haar aandag is by die leerders (ons het so half rondom die orrel gestaan) dan sal iemand agter haar rug so ongemerk die "WOW" knoppie druk en dan begin die klank so draal en draai en sy 'golwings' maak) - dan stop frau Redelinghuys terstond en sê-vra met haar Duitse aksent in Afrikaans:

**"Wat nou, warum mak dat zo?"**

Dan sê ons vir haar die orrel se battery is nou eers pap, en hy moet ‘n rukkie afgeskakel word dat hy eers weer kan laai!! Dan sê sy **"Nau goed, dan zingt ons ma sonner die orgel, ja?"** Intussen sit iemand ongemerk weer die Wow af, en na ‘n vreeslike kakofoniese sangsessie onbegeleid, sê ons ons dink die orrel se battery is nou weer gelaai, dan skakel sy weer die orrel aan en dan sing ons ewe onskuldig weer voort met ‘orgel’ begeleiding!!! Ai, die arme vrou - nie te lank nie, dan "WOW" dit weer dat die katte huil, dan skakel sy maar ewe gedwee weer die orrel af!!



Hoeka in die sangklas wat die ouens so gesit en rook het met die laboratoriumpypies wat by die venster uithang - sigaret onder aan een pypie en ‘n ander pypie wat langs hom hang om uit te blaas! Daar was sulke hoë 'kaste' waar ons op gesit het - met die oop vensters net agter die rug op ‘n heel gerieflike hoogte! Kan jy imagine hoe dit moes gelyk het vir mnr De Waal toe hy onder buite stap en opkyk en die reekse pypies sien hang - dan brand die sigaret se kooltjie helder soos hy getrek word, en ‘poef!’, daar kom die rokie by die ander pypie uit!

## KOMMENTAAR OP DIE NUUSBRIEWE (Nrs 1 – 4)

Welgedaan - baie stunning!!!

Hierdie brief is regtig great!

Dankie vir die briewe....dit maak ou bekende toegegroeide spore weer oop....en sal graag elke een wil ontvang!

Dankie Mariana, so lekker om alles te lees. Ek is so bly julle doen al die moeite!

**Dankie weereens vir 'n puik stukkie werk! Ek lees lekker aan al die "snippets".**

Dankie vir al die werk wat julle doen om die klomp weer bymekaar te kry en jammer dat ek so lank gevat het om terug te kom na julle toe

Ek kyk ook gereeld op die Facebook bladsy en dit is goed om te sien hoe die 1974 groep aangaan. Jammer die ouens lyk my is sku vir rekenaars en die internet

Dankie vir die nuusbrief. Dit laat my baie home sick voel. Ek bly al die afgelope 15 jaar in Christchurch.

Baie dankie vir hierdie uitstekende nuusbrief. Een van die bestes wat ek in 'n lang tyd gesien het. Ek sien uit na ons re-unie ek hoop net van harte dat niks my planne in die wiele ry nie

Dit was nou interessant

Dankie, regtig mooi en julle doen baie moeite

Jong julle is darem oulik!

Dankie vir die nuusbrief. Laat my hart lekker klop. Sleg om te sien wie al oorlede is.

Baie oulik gedoen Mariana/Theo

Baie dankie en ek wil julle komplimenteer met 'n absolute uitstekende nuusbrief – STUNNING

Baie dankie en dankie vir julle harde werk. Dit word opreg waardeer!

Dit is vreeslik lekker om die nuus te kry, ek hou van die idee dat ons met mekaar kontak behou op die manier

Dankie Theo, en Mariana, julle maak dit sommer interessant. (ons kan die ander jaargroepe darem 'n ding of twee leer, of hoe?)

Mariana, Theo: baie goed gedoen! Ek was terug op daai skoolstoepe, in my kort skoolrokkie en my vrees dat die Antie om die hoek in my gaan vasloop!

Ek dink dit is 'n baie goeie idee om 'n reunie na 40 jaar te reel en weer die herinneringe te beleef. Van die paar foto's wat ek gesien het weet ek nie of ek nog baie mense kan onthou nie. Maar dit is tog baie interessant om te sien hoe mense nou lyk

Baie dankie vir die nuusbriefies, geniet al die staaltjies baie

@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@

*BREAKING NEWS (gebreekte nuus?):*

**W i n d h o e k e r s : Arebbusch 23 April 2013 ontbyt**

**[ Diegene wat dan in Windhoek is, of sal wees, is ook WELKOM ]**


**en**

**Diegene in Walvis/Swakop: êrens tussen 16 en 21 April 2013**

@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@

**Bloemfontein**
**24 – 25/11/2012**

Frits Voordewind
Mariana Gerber Viljoen
Eddie Scott
Nico Grobbelaar



**Joey Luther Tromp** en **Mariana Gerber Viljoen** iewers besig met hul eie mini-reunie 18/11/2012





# ADRESSE / GEGEWENS ONBEKEND

**Kontakbesonderhede van die volgende leerlinge word gesoek:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10A | Eddie Scott<br>Alice Hugo | Rachelle Roos<br>Andre Koorts | Ben Swanepoel<br>Karel vd Bank | Elsa Esterhuizen<br>Hannelie Vos |
| 10B | Schalk Jacobs<br>Roelof du Toit<br>Manfred Binding | Mariet Poppie vd Berg<br>Jacob Gous<br>Eric Kuhn | Myndert Blom<br>Nico Grobbelaar | Barbara Neumeister |
| 10C | Johanna Brits<br>Lorraine Labuschagne<br>Anne-Marie van Heerden | Iris von Hatten<br>Renate Moroff<br>Albert Mostert | Frances Spiegel<br>Jeanne Brunette<br>Heidi Keet | Susan Schrader<br>Elsa Bosman<br>Hennie Roux |
| 10D | Ben van Rhyn<br>Lorna van Wyk<br>Maria vd Merwe | Rudolph van Aarde<br>Rina Oosthuizen | Rita Grobler<br>Marietjie Botes | Magdalena le Roux<br>Sonja Ueberruck |
| 10E | Stephan van Rensburg | Hennie Harmse | Elke Bender | Marlien Wiese |
| 10F | Andre Hauptfleisch<br>Elmarie Wickens | Peter Rohr<br>Christo v Mollendorf | Janette Oosthuizen<br>Deon Lindstrom | |
| Klas Onbekend | Nellie Schoeman | Pieter Schaffner | | |

**(Diegene in die donker kleur is opgespoor of inligting is ontvang)**

## REëLINGSKOMITEE

**Mariana Gerber Viljoen**
(Centurion)
marianav@provectus.co.za

Reünie 2014
Inligting van leerlinge/onderwysers byhou
Respons op vraelyste byhou
Nuusbrief
Musiek
Navrae
Verwerking van nuwe inligting

**Theo vd Meer**
(Windhoek)
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com

Inligting van leerlinge/onderwysers byhou
Nuusbrief
Foto's en cd
Finansies (rekening is in Windhoek oopgemaak)
Musiek
Navrae
Verwerking van nuwe inligting



## STREEKREüNIES (mini-reünies)

**Mariana Gerber Viljoen**
(Centurion)
marianav@provectus.co.za

Gauteng
Mpumalanga
Limpopo
Noordwes

**Johanna Lessing Golden**
(Durbanville, Kaapstad)
johannam.golden@gmail.com

Noord-, Oos-, Wes- en Suid-Kaap



**Elize Opperman Cline**
(Windhoek)
ecline@ombudsman.org.na

Namibië

## EREDIENS

**André Louw**
(Windhoek)
andrelo@iway.na



## FINANSIES


**Theo vd Meer**
(Windhoek)
theodore.vandermeer@windhoekcc.org.na
Theo.vdmeer@yahoo.com


Bank Windhoek
Naam van rekening: TI van der Meer (WHS Reunie)
Posbus 20391 Windhoek Namibia
Rek no 8003 189 591
Tjekrekening (CHK)
Takkode 483-872
Tak Maerua Mall
Windhoek

Donasies/skenkings
Donasies/skenkings

sal waardeer word
sal waardeer word



Donasies/skenkings
Donasies/skenkings
sal waardeer word
sal waardeer word

Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.
Stuur dit asb aan Marianav@provectus.co.za


Dankie aan diegene wat skenkings gemaak het

SKENKINGS SAL AS VOLG AANGEWEND WORD:

Bespreking van venue en buffet vir Vrydagaand en
Bespreking van venue en spitbraai vir Saterdagaand

## LIEDJIES

| | |
|---|---|
| Leaving of Liverpool | Donny Osmond |
| The Wedding | Jody Wayne |
| Venus | Shocking Blue |
| You're 16, you're beautiful and you're mine | Ringo Starr |
| Wild Thing | Troggs |
| Up around the Bend | CCR |
| Yellow River | Christie |
| Which way you're going Billy | Poppy Family |
| Time is Tight | Booker T & the MG's |
| Then I kissed her | Beach Boys |




## TERUGVOERING OP VRAELYS

# 'n Opsomming van die rigting waarin ons beweeg:

Daar is **120 leerlinge** volgens ons inligting (oorledenes INGESLUIT).

**45 (38%) uit 120 leerlinge se terugvoerings** is ontvang en die inligting is soos op 15 Januarie 2013.

Daar is **71 vraelyste uitgestuur** waarvan **45 terug ontvang** is, maw **63% terugvoering**.

| | | |
|---|---|---|
| Bywoning | 36 kan bywoon 30% uit 120 leerlinge<br>2 kan nie bywoon nie 2%<br>7 is onseker 6% | **45/45** |
| Wanneer moet reünie gehou word | 31 Junie/Julie 26%<br>8 Maart/April 7%<br>6 September/Oktober 5% | **45/45** |
| Waar moet reünie gehou word | 39 Windhoek 33%<br>6 maak nie saak waar nie 5% | **45/45** |
| Formaat van die reünie | 42 kleredrag Informeel 35%<br>3 kleredrag Formeel 3% | **45/45** |
| | 26 braai/spitbraai 22%<br>17 maak nie saak nie 14%<br>2 buffet 2% | **45/45** |